



Lees in hierdie uitgawe:

- **Stem vir vryheid**
Die posisie wat Afrikaners behoort in te neem ten opsigte van die komende verkiesing.
- **Wie die verlede beheer, beheer die toekoms**
Die ware feite van die geskiedenis as basis vir die stryd om die behoud van ons grond.
- **Groot Trek 175**
'n Kort artikel oor die herdenkingsgebeure te Bloedrivier oor die naweek van 13 – 16 Desember 2013.
- **'n Dankbaarheidsgelofte**
Die gelofte wat Jan van Riebeeck op 6 April 1654 afgelê het.



STEM VIR VRYHEID

MOENIE VREEMDE HEERSKAPPY VIR NOG VYF JAAR HELP VERLENG NIE

Die volgende verkiesing in Suid-Afrika is geskeduleer om op 7 Mei plaas te vind. Met die groeiende politieke en sosiale onstabiliteit in Suid-Afrika moet ons rekening hou met die moontlikheid dat dit dalk nie kan plaasvind nie. Vir doeleindes van hierdie artikel veronderstel ons egter dat dit wel sal gebeur.

OM TE STEM OF NIE TE STEM NIE

In Afrikanergeledere is daar twee vrae rondom die verkiesing, naamlik: Moet ons deelneem aan die verkiesing en indien wel, vir watter party moet ons stem? In hierdie artikel sal daar slegs aan die eerste vraag aandag gegee word en wel binne die raamwerk van die hoofdoelstelling van *Die*

Historiese Kompas, soos gestel in die eerste uitgawe, naamlik om saam met ander Afrikaners, met ons geskiedenis as kompas, 'n bydrae tot die herstel van die vryheid van ons volk te lewer.

VRYHEID DIE HOOFTEMA VAN VERKIESINGS

Sedert ons volk sy beslag as afsonderlike volk in die laat 18de eeu gekry het, was die verhouding met Groot-Brittanje die oorheersende tema in ons politieke lewe. Daar was van die begin af 'n diepe afkeur teen Britse oorheersing en invloed en dit het uitgekristalliseer in die strewe na vryheid en soewereiniteit. Hierdie tema was in 'n mindere of meerdere mate die strydvraag in bykans alle verkiesings wat onder Afrikaners gehou is. Vir Afrikaners, vir wie die voortbestaan van ons volk en die handhawing van ons besondere identiteit belangrik was, was dit altyd die doel om 'n regering aan bewind te stel of te hou wat die vryheid en soewereiniteit van ons volk nastreef. So was dit ook met verkiesings wat sedert 1910 tot voor 1994 gehou is. Reeds in die tweede verkiesing wat op 20 Oktober 1915 gehou is, het dit gemanifesteer. Die verkiesing het plaasgevind teen die agtergrond van die groot verskil tussen Genl J B M Hertzog en Genl Louis Botha oor Suid-Afrika se verhouding met Brittanje en in die nasleep van die 1914-rebellie.

NIE 'N BETER LEWE NIE; 'N VRYE LEWE

Die skepping van die nuwe politieke bedeling in 1994 het alles verander. Afrikaners het besef dat hulle hulle vryheid verloor het en dat daar geen manier is om dit deur deelname aan verkiesings te herwin nie. Al wat hulle, volgens die mening van baie Afrikaners, deur deelname aan verkiesings kon bereik was om sekere Afrikanerbelange onder die nuwe swart-oorheersde politieke bedeling te beskerm. Denke oor die toekoms en beplanning daarvoor het bykans geheel en al uit ons volkslewe verdwyn en Afrikaners het nastrewers van hulle eie persoonlike belange geword. Dit is waar ons nou ook staan, te oordeel aan die beleidsrigtings en verkiesingsmanifeste van partye wat Afrikaners se steun by die stembus soek.

Die verkiesing gaan primêr oor 'n beter lewe in 'n swart-oorheersde Suid-Afrika. Ons as Afrikaners het nie nodig om saam te werk aan 'n beter Suid-Afrika waarin ons as volk verder verkneg en verneder gaan word nie. Wat ons wel nodig het, is om saam te werk aan die herstel van ons vryheid sodat ons weer die mag kan kry om vir ons kinders 'n toekoms te skep, soos wat ons voorouers dit vir ons gedoen het.

KAN DEELNAME AAN HIERDIE VERKIESING 'N BYDRAE TOT ONS VRYHEID LEWER?

Voorgaande is die agtergrond waarteen die vraag beantwoord moet word of deelname aan die komende verkiesing 'n bydrae tot die herstel van ons vryheid kan lewer. Die volgende word vir oorweging aan die lesers voorgelê:

- Die herstel van ons vryheid gaan nie 'n strydvraag in die verkiesing wees nie. Die verkiesingsmanifeste van partye wat Afrikanerstemme soek, fokus primêr op minderheids- en individuele belange binne die konteks van die bestaande politieke bedeling.
- Met die samestelling van die kieserskorps is dit onmoontlik om by die stembus 'n regering aan bewind te stel wat die vryheid van die Afrikanervolk sal nastreef.
- Deur deelname aan hierdie verkiesing sal Afrikaners die nastrewing van ons vryheidsideaal ondermyn en die politieke verknegting van ons volk verleng en versterk. Dit word gesê om die volgende redes:
 - Die instelling van 'n swart regering in Suid-Afrika was die eindpunt van 'n dekadeslange veldtog wat vanuit Brittanje gevoer is om die politieke mag wat Afrikaners met republiekwording in 1961 gekry het te beëindig en so ook hulle vermoë om hulle voortbestaan te verseker en hulle besondere identiteit te handhaaf. Al die ander redes was slegs rookskerms. Vir die Britte was die politieke regte of enige ander vorm van menseregte van die swartes in Suid-Afrika nog nooit belangrik nie. Daaroor is die rekords

van die geskiedenis duidelik. Dit is slegs gebruik as wapen vir hulle meer as twee-eeue lange oorlog teen die Afrikanervolk. Die oorlog is nie deurentyd met militêre middele gevoer nie. Dit het ook die vorm van 'n kultureel/ekonomies/sielkundige oorlog aangeneem, maar die einddoel was dieselfde: Die vernietiging van ons volk. Daarvoor gebruik hulle onder andere die een-mens-een-stem verkiesings in Suid-Afrika. Enige Afrikaner wat stem in die verkiesing van 7 Mei help daardeur om sy volk vir 'n verdere vyf jaar te verkneg en werk mee aan die Britse strategie om die Afrikanervolk oor die langtermyn uit te wis.

- Deur te probeer om dit vir onself 'n beter bedeling te verkry, verslaan ons onself, want indien ons daarin slaag om ons omstandighede te verbeter neem dit die motivering vir ons vryheidstreweweg. Dit is soos wanneer die slawejuk ligter gemaak word. Ons soek nie 'n ligter slawejuk nie; ons wil vrye manne wees, soos wat ons voorouers eens was en soos wat baie ander volke in die wêreld is.

BLY WEG VAN DIE STEMBUS AF

Vir Afrikaners is die konsekwensies van wat hierbo gesê is: **Bly op 7 Mei weg van die stembus af.** Indien Afrikaners op 7 Mei skitter in hulle afwesigheid by die stembusse, sal dit 'n baie sterk boodskap uitstuur dat Afrikaners nie langer deel gaan wees van 'n meganisme wat die bewerking van hulle eie ondergang ten doel het nie. Om op 7 Mei van die stembus af weg te bly, is nie 'n stem vir die ANC, soos die populêre opvatting is nie. Daar is net een manier om vir die ANC te stem en dis om jou kruisie agter hulle naam op die stembriefie te trek. Om van die stembus af weg te bly, is 'n stem vir die herstel van die vryheid van ons volk, soos wat Afrikaners in die ou bedeling vir partye gestem het wat hulle vir Afrikanervryheid beywer het. Dit sal vanselfsprekend egter nie dieselfde praktiese gevolge kan hê nie.

Om weer 'n vrye volk te word, sal meer verg as om nie te gaan stem nie. Dit sal 'n fundamentele paradigmaskuif verg in die wyse waarop ons oor onself en oor ons toekoms dink, om mee te begin. Ons sal onself moet ontruk aan die waardevernietigende, negatiewe en verstokte denkpatrone waarin ons vasgeval het as gevolg van misleiding deur politici, kerklikes en akademici wat ander belange as dié van ons volk gedien het. Ons sal weer op 'n waardeskeppende, positiewe, vernuwende en toekomsgerigte wyse oor ons toekoms moet dink. In dié opsig moet ons ons denke in lyn bring met dié van manne en vroue uit ons geskiedenis wat deur hulle skeppende denke en gelowige daade die toekoms geskep het waarvan ons die vrugte kon geniet. Oor hoe om dit te vermag, sal ons DV in komende uitgawes van *Die Historiese Kompas* skryf. As lesers egter daaroor gedagtes het wat hulle met ons wil deel, wil ons hulle uitnooi om dit te doen.



WIE DIE VERLEDE BEHEER, BEHEER DIE TOEKOMS

GESKIEDENIS DIE WAPENTUIG OM ONS VAN ONS GROND TE BEROOF

In 'n artikel in die vorige uitgawe van *Die Historiese Kompas*, wat geskryf is na aanleiding van die honderdjarige herdenking van die sogenaamde *Naturellen Grond Wet van 1913*, is onweerlegbare getuienis gebring dat die grond wat ons voorouers aan ons nagelaat het deur hulle op 'n volkeregterlik-aanvaarde en wettige wyse verkry is en dat swartes in Suid-Afrika geen aanspraak

daarop het nie. Beweringe dat Afrikaners grond van swartes gesteel het en dat dit aan hulle moet teruggee, word egter op 'n gereelde grondslag gedoen. Die vraag is dus: *Hoe moet ons hierdie eise beantwoord?* Dit sal die onderwerp van hierdie artikel wees.

AANSLAG UIT VERSKILLENDE OORDE

Die eise dat ons ons grond moet afgee, kom uit verskillende oorde en manifesteer in verskillende vorme. Die ANC, in sy regeringsgedaante, is natuurlik die hoofdrywer daarvan. Ander politieke partye soos die DA en die EVV van Julius Malema stook dit verder aan. Dan is daar ook burgerlike organisasies soos die Landless Peoples' Movement wat eise stel en al hierdie eise vind natuurlik geesdriftige ondersteuning in linkse akademiese en mediakringe in Suid-Afrika.

Die oorsprong van die eise is hoofsaaklik tweeledig van aard. Eerstens is daar diegene wat aanvoer dat hulle hulle grond ontnem is as gevolg van die toepassing van die beleid van volkereskeiding. Hulle dring aan op teruggawe van die grond en daaruit het die resituisie-eise voortgevloei. Die keerdatum vir hierdie eise het in 1998 verstryk. Vanweë baie onafgehandelde eise is die geleentheid om verdere eise in te dien onlangs deur die Parlement tot 2018 verleng. Dié wet is deur die ANC geïnisieër en in beginsel deur die DA ondersteun. Volgens die huidige resituisiebeleid kan eise slegs beperk word tot grond wat swartes na 1913 verloor het. Jacob Zuma het egter reeds laat blyk dat eise ook vir die periode voor 1913 geopen behoort te word. Die proses kan dus onbepaald voortduur.

Tweedens spruit aansprake deur swartes op blanke grond voort uit die siening dat daar 'n ongelyke verdeling van grond in Suid-Afrika is. Die populêre opvatting is dat 87% van alle landbougrond in Suid-Afrika aan blankes behoort en slegs 13% aan swartes terwyl swartes ongeveer 80% van die bevolking uitmaak en blankes minder as 10%. Daar moet dus 'n herverdeling van grond kom en die grondhervormingsbeleid is die praktiese uitkristallisering daarvan.

VERSTOMMENDE ASPEKTE VAN DIE GRONDKWESSIE

Daar is twee uiters verstommende aspekte van die grondkwessie in Suid-Afrika, aspekte wat feitlik nog geen aandag in die openbare debat oor grond ontvang het nie. Die eerste is dat die openbare aanklagte teen blankes dat hulle swartes verontreg het deur hulle van hulle grond te beroof geensins gemotiveer word nie. Daar word nie die geringste poging aangewend om historiese, feitelike getuienis te bring dat blankes, en spesifiek Afrikaners, swartes van hulle grond vervreem het nie. Die onderliggende implikasie daarvan is dat dit 'n waarheid is wat algemeen aanvaar word en waarvoor niemand eers sal probeer stry nie. Dit alles gebeur terwyl daar geen historiese getuienis van blanke vervreemding van swart grond bestaan nie.

Die tweede verstommende aspek is die bykans algehele afwesigheid van enige pogings deur blankes om die aansprake van swartes te weerlê. Die swart aansprake word eenvoudig net as gegrond en geregtig aanvaar; dit terwyl daar 'n magdom historiese getuienis is, nie alleen dat blankes geen grond van swartes gesteel het nie, maar ook dat hulle van hulle grond aan swartes oorgedra het.

Die vraag is: Hoe is dit moontlik dat daar so'n byna algehele ontkoppeling tussen die werklikheid en die persepsies daaromtrent oor hierdie saak plaasgevind het, sodanig dat Afrikaners blykbaar bereid is om hulle eersgeboortereg sonder die geringste weerstand vir die spreekwoordelike pot lensiesop te verruil? Verskillende mense sal verskillende antwoorde op hierdie vraag gee. Ons wil die volgende verklaring vir oorweging aan lesers voorlê: Die algehele skuldkompleks oor sogenaamde verontregting van swartes het Afrikaners reeds sodanig moreel en intellektueel verlam dat daar, op enkele uitsonderinge na, geen vegkrag meer in hulle oor is nie. As 'n man in sy hart eers toegegee het dat sy saak nie reg is nie, is al wat oorbly om te vra vir versagende omstandighede.

Hierdie tragiese toestand het ontstaan as gevolg van 'n proses van verdraaiing en bekonkeling van ons geskiedenis oor 'n tydperk van bykans 'n halwe eeu. Dit is die gevolg van 'n fyn-beplande, goed-georganiseerde proses wat slegs 'n voortsetting is van die oorlog teen Afrikaners waarvan Alfred Milner na 1902 gesê het: "The war will continue. It will not be a war with bullets anymore, but it will

be war still". Dwarsdeur die 20ste eeu het hierdie Britse politieke en sielkundige oorlog teen ons voortgeduur en dit het geweldige vaart gekry toe Dr H F Verwoerd in 1966 deur 'n sluipmoordenaar uit die openbare politieke arena verwyder is.

OORWIN DIE LEUEN DEUR DIE WAARHEID

Dit bring ons by die vraag wat aan die begin van hierdie artikel gestel is, naamlik: *Hoe moet ons die eise dat ons ons grond aan swartes moet afgee, beantwoord?* Daar is net een doeltreffende metode om die leuen te vernietig en dit is deur die waarheid. Ons volk moet bemagtig word met die ware feite van ons geskiedenis sodat ons die morele en intellektuele krag kan ontwikkel om die aansprake op ons grond doeltreffend teen te staan. Dit moet die hoogste prioriteit wees by alle Afrikaner-organisasies en -individue wat hulle enigsins met Afrikanerbelange bemoei. Ons geskiedenis is vasgelê in boeke en op DVD's en CD's wat vryelik beskikbaar is. Artikels daarvoor verskyn op 'n deurlopende basis op die internet en in behoudende Afrikaanse nuusblaaie.

Die bekende skrywer George Orwell het by geleentheid gesê: Wie die verlede beheer, beheer die toekoms. Op die oomblik is die verskaffing van kennis oor ons geskiedenis in die hande van ons vyande en hulle gebruik dit om ons toekoms te vernietig. 'n Onbekende briefskrywer het by geleentheid aan 'n Transvaalse dagblad geskryf: Die geskiedenis word die wapentuig om die verloorder verkneg te hou. As ons volk weer met die ware feite van ons geskiedenis bemagtig kan word, sal dit ons in die posisie plaas om ons grond te behou en 'n toekoms vir ons kinders te skep. In 'n volgende artikel sal ons DV in meer besonderhede ingaan op aksies wat onderneem kan word om volkgenote met die geskiedenis te bemagtig.



GROOT TREK 175

HERDENKING VAN 'N TREK NA VRYHEID

Die Groot Trek het in die jare 1835 – 1838 plaasgevind toe tussen 5 000 - 10 000 Afrikaners (volgens verskillende skattings deur historici) die Brits-beheerde Kaapkolonie verlaat en die onbekende binneland ingetrek het om vir hulle en hulle kinders 'n land vry van Britse oorheersing te soek. Dit het met die uiterste inspanning en met byna bo-menslike offers gepaard gegaan. Deur die instaatstelling van die Almagtige God het hulle 'n land aan die wildernis en die barbarisme ontruk en binne minder as twee dekades afgereken met die twee groot militêre bedreigings van daardie tyd, naamlik die Zoeloes onder Dingaan en die Matabeles onder Silkaats. Dit het hulle in staat gestel om twee vrye Boere-republieke te vestig. Dit het 'n hoë prys gekos, maar daardeur het hulle die grondslag gelê van die latere Suid-Afrika wat aan ons, hulle nageslagte, 'n wonderlike woonplek verskaf het.

SENTRALE GEBEURTENIS IN DIE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA

Verlede jaar is die 175-jarige herdenking van die Groot Trek gevier. Anders as met die 100-jarige en die 150-jarige herdenkings daarvan, het dit op 'n baie beperkte skaal geskied. Dit is baie jammer, want dit is inderdaad 'n herdenkingswaardige gebeurtenis. Ene Prof E A Walker skryf in sy boek, *A History of Southern Africa* dat "..... the Great Trek was great because it was, and still is, the central event in the history of European man in Southern Africa. The results that have flowed from it can be traced far north to the equator and beyond". Dit het ongetwyfeld die geskiedenis van Suid-Afrika in 'n totale nuwe baan gelaas.

SIMBOLIESE OSSEWATREK

Die hoogtepunt van die herdenking was die fees by die Bloedrivier-gedenkterrein wat oor die naweek van 13 – 16 Desember gestrek het. Die geleentheid is deur skrywer hiervan bygewoon. Dit is

voorafgegaan deur 'n simboliese ossewatrek wat min of meer die roete gevolg het wat die Voortrekkerkommando onder leiding van Andries Pretorius van Wasbank af gevolg het. Daar is die Geloofte vir die eerste keer op 9 Desember 1838 afgelê. Die trek het bestaan uit 2 kakebeenwaens en 'n transportwa. Dawid Grobbelaar van Tzaneen, Piet Breytenbach en Herman Nel het die leiding daarin geneem. Die ossewaens was vergesél van 'n perdekommando van ongeveer 80 ruiters onder leiding van Abel Malan van Nelspruit. Hulle het ongeveer 60 km afgelê. Die trekgroep het ook 'n besondere bydrae tot ons historiese erfenis gemaak. Die presiese plek waar die Geloofte langs die Wasbankspruit afgelê is, is deur mnr Inus van Rooyen bepaal en daar is 'n klein monument opgerig, die eerste keer wat hierdie gebeurtenis op hierdie wyse in herinnering geroep is. Die trekgroep verdien besondere waardering vir hierdie inisiatief. Terwyl monumente en standbeelde wat die Afrikanergeskiedenis uitbeeld elders in die land afgebreek word, het hulle 'n nuwe monument opgerig. Sien die ingeslote foto's.

Die trekgroep het op die feesterrein 'n tipiese Voortrekkeruitspanning gehou waartydens feesgangers kon sien hoe daar in die Voortrekkertyd geleef is. Demonstrasies van daaglikse Voortrekker lewensaktiwiteite is gelewer, onder andere hoe die koeëls vir 'n voorlaaier gemaak is en hoe daar met 'n voorlaaier geskiet is. Op die foto word 'n skoot afgevuur deur Herman Nel. Hans Sturgeon van Cullinan het ook gedemonstreer hoe 'n span osse ingespan word en mense kon saam op die ossewa ry, soos op die foto gesien kan word.

Die teenwoordigheid van Barrie Burger, leraar-te-perd van die Kalahari, van Tornado-faam, het besondere luister aan die geleentheid verleen. Hy het op 29 September die 1 350 km van Upington af Bloedrivier toe op sy perd Deernis aangepak. Langs die pad het hy groeteboodskappe van verskeie Geloftefeeskomitees ontvang en dit aan die Bloedrivierfeeskomitee oorhandig. Sy belangstelling in die herdenking spruit voort uit die feit dat sy vader aktief by die 100-jarige herdenking van die Groot Trek in 1938 betrokke was en dat daar baie in hulle huis daaroor gepraat is.

ONS LEWENS GEVORM

Die Geloftediens en die lewering van die Gelofterede op 16 Desember deur Alana Bailey is baie goed bygewoon. Skattings van die aantal feesgangers wissel tussen 2 000 en 3 000 mense, wat beteken dat baie mense lang afstande moes ry om daar te wees. Die groot getalle jongmense en kinders wat daar was, gee moed vir die toekoms van ons volk.

Ons wil lesers van *Die Historiese Kompas* aanmoedig om moeite te doen om hulle kennis van die Groot Trek uit te brei. Die Groot Trek het die geskiedenis van Suid-Afrika en die Afrikanervolk gevorm. 'n Mens wat nie weet en verstaan wat daar gebeur het nie, kan baie maklik die prooi van die vervalsing van ons geskiedenis word en selfs daaraan meedoen.

Op ons webtuiste by www.suidland.net verskyn daar 'n hele aantal artikels oor die Groot Trek en die gevolge daarvan. Die meeste daarvan is geskryf deur Prof Frans Moolman, afgetrede hoogleraar in geskiedenis aan die Universiteit van die Noorde. Al die artikels is die resultaat van deeglike historiese navorsing en kan met vrug bestudeer word.



'N DANKBAARHEIDSGELOFTE

Op 6 April 1654, nou 360 jaar gelede en twee jaar na die volksplanting, het Jan van Riebeeck 'n gelofte afgelê wat soos volg lui:

Waar dit vandag die tweede verjaarsdag is van die dag waarop ons deur die HERE gelei, met die skepe Drommedaris, Reyger en De Goede Hoop hier ter plaatse behoue aangeland het om hierdie vesting en kolonie na die bevel van here en meesters {Here XVII – Die Direkteure van die VOC} te

bou en te bestendig, en opgelet dat God die HERE alle sake tot vandag toe met vele seëninge voorspoedig en na wense laat verloop en laat slaag het, daarom het ons besluit, en ook vir die eerste keer begin om hierdie dag, die 6de April, tot eer van God met danksegging te vier en vir altyd tot 'n vasblywende dank- en biddag in te stel, sodat daarby die weldade van die HERE wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word.

Die bestaan van hierdie gelofte was tot onlangs feitlik onbekend onder ons volk en mense het ongeveer vyf jaar gelede daarvan begin kennis neem, hoofsaaklik deur die inisiatief van die Volksvergaderingsreëlingskomitee wat die gelofte op hulle webtuiste geplaas het. Alhoewel hedendaagse Afrikaners seker nie kontraktueel of moreel aan die gelofte gebind is nie, kan ons wel elke jaar die dag gebruik as 'n dag waarop ons die Here kan dank vir sy weldade aan ons oor meer as 3½ eeue. In Jesaje 46:9 staan daar geskryf: *“Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie.”*

6 April val hierdie jaar op 'n Sondag en dit bied die geleentheid aan kerke en organisasies om die gelofte, sowel as die gebeure wat dit voorafgegaan en wat daarop gevolg het, in dankbare herinnering te roep.



GROOT TREK 175 FOTO'S







Die Historiese Kompas word uitgegee deur *Suidland Media*. Dit sal op 'n periodieke grondslag verskyn en slegs in elektroniese formaat. Daar is geen kopieregte daarop nie en dit kan vryelik gedupliseer en op enige wyse versprei word. Kontakbesonderhede is soos volg: **toekoms@suidland.net**, 022 – 913 2391, 082 – 493 3785, Posbus 339 Piketberg 7320.

Vorige uitgawes verskyn op Suidland Media se webtuiste by **www.suidland.net**.

Persone wat nie graag die nuusblad wil ontvang nie, kan slegs uitteken of vir ons laat weet om dit te doen.

